**Stem jy saam met die stelling ? Verwys na die jare 1939 tot 1948 (gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog) in jou antwoord.**

**(15)**

**[60]**

### Die Groot Depressie.

- Die regering se tweede ampstermyn was moeiliker as die eerste
- Teen die einde van 1929 is die wêreld vasgevang in ‘n depressie van ongekende swak ekonomiese toestande
- Die depressie het begin met die ineenstorting van die Amerikaanse aandelebeurs op “ Swart Donderdag”, 25 Oktober 1929
- Die Unie is nadelig hierdeur getref
- Diamant pryse het skerp gedaal, die prys van mielies het ook gedaal selfs ook die wol pryse (maks. 2)
- Daar was droogtes en baie boere het bankrot en werkloos geword.
- Brittanje het van die goudstandaard afgestap
- Suid –Afrika het nie die voorbeeld gevolg nie en het die goudstandaard gehandhaaf
- Havenga, Minister van Finansies was oortuig dat S.A. die ekonmiese ineenstorting die hoof kon bied
- Baie Suid- Afrikaners het begin twyfel of S.A. die goudstandaard kon handhaaf
- Die regering het in die tussentyd ook ‘n aantal tussenverkiesings verloor
- Tielman Roos het op die stadium besluit om aktief terug te keer tot die politiek
- Hy het tydens ‘n Geloftefees gesê dat hy tot die politiek terug keer dat S.A van die goudstandaard moes afstap
- en dat ‘n koalisie regering op ‘n nie-partypolitieke grondslag saamgestel moes word
- Daar was sprake van samewerking tussen Roos en Smuts en van ‘n groot aantal Nasionaliste wat besig was om hulle agter Roos te skaar
- Op 27 Des 1932 het Havenga aangekondig dat S.A. van die goudstandaard afgestap het
- Daar was ‘n ekonomiese oplewing en die prys van goud het gestyg en geld het die land binnegestroom
- Roos het voorsien dat hy by die vorming van ‘n koalisieregering die leier sou word en dat Smuts en Hertzog albei deel van sy regering sou uitmaak

- Roos kon nie Smuts ooreenkom nie en sy poging het daartoe gelei dat samewerking tussen die Nasionale Party en die Suid Afrikaanse Party bevorder is
- Gerugte het reeds die ronde gedoen dat 'n koalisie tussen die Nasionale Party en die Suid Afrikaanse Party 'n moontlikheid was
- Smuts het voorgestel dat die regering moes bedank en dat 'n koalisieregering saamgestel moes word
- Hertzog was eers hierteen gekant, maar het met 'n paar van sy ministers 'n moontlike koalisie bespreek
- Die kabinet was verdeeld oor die aangeleentheid, maar Hertzog het onderhandelinge met Smuts begin
- Na 'n paar dae het Hertzog en Smuts tot 'n vergelyk gekom
- 'n Sewepunt-plan het te voorskyn gekom
  - Die bestuur van die land sou op 'n grondslag van nasionale beginsels voortgesit word
  - Gesag van die Unie sou gesimboliseer word in die nasionale vlag
  - Gelyke taalregte vir Engelse en Afrikaanse taalgroepe
  - Nastrewe van 'n ekonomies- gesonde landelike bevolking
  - Regering sou voortgaan met sy blanke arbeidsbeleid
  - Pogings sou aangewend word om die kwessie van swartmense op te los
  - Regering sou 'n gesonde ekonomie probeer handhaaf
- Hertzog sou Eerste Minister en Smuts sy Adjunk in die nuwe regering wees
- Die kabinet sou bestaan uit ses lede elk van die NP en die SAP
- Daar is besluit om met die koalisie voort te gaan.
- Daar was ook mense aan beide kante wat hulle nie wou identifiseer met die koalisie
- 'n Verkiesing is vir 17 Mei 1933 uitgeskryf om die gevoel van die volk te toets
- Die nuwe koalisieregering het in die verkiesing uitgetroon
- Daar was ook 'n gevoel in die O.V.S. en Transvaal dat die twee partye nie net 'n koalisie moes vorm maar in een party moes saamsmelt
- 'n Paar takke van die NP en die SAP het alreeds saamgesmelt en Hertzog en Smuts het sodanige samesmelting verder gepropageer
- In 'n toespraak op Potchefstroom het Hertzog die mening uitgespreek dat die beginselverskille tussen die twee partye van 'akademiese' aard was en dus nie samewerking hoef te voorkom nie
- Hy het gesê dat die tyd ryp was vir nouer samewerking tussen die twee groepe
- Die provinsiale kongresse van die NP was ten gunste van samewerking, behalwe die van die Kaapland onder leiding van Dr. Malan
- Nadat 'n groep onder Malan en 'n groep onder Stallard van die NP en die SAP onderskeidelik weggebreek het is voortgegaan met samesmelting
- Op 5 Des 1934 is die Verenigde Suid- Afrikaanse Nasionale Party of die Verenigde Party (ook bekend as die "Smelters") in Bloemfontein gestig
- Die beginsel van die party was gegrond op die sewe punte van die koalisie van 1933
- Meeste van die Afrikaanssprekendes is op die wyse herenig

- **Malan kon hom net nie vereenslewig met die samesmelting nie**
- **Hy het homself sterk daarteen uitgespreek**
- **Hy het daarop gewys dat die NP van sy beginsels sou moes wysig**
- **Malan het gesê dat samesmelting 'n inbreuk kon maak op Afrikaner-identiteit en die Afrikaner se stryd belemmer**
- **Hy wou ook duidelikheid hê oor afskeiding van die Britse Ryk en die neutraliteit in tye van oorlog**
- **Malan wou 'n hereniging van eendersdenkendes hê en daarna samewerking met ander groepe**
- **'n Groot stryd het ontstaan tussen die Smelters en die anti- Smelters (Malaniete)**
- **Nie een van die leiers wou 'n skeuring in die party hê nie en pogings was aangewend om 'n ooreenkoms te probeer bereik**
- **In 1934 het die Kaaplandse NP die idêe van samesmelting teengestaan met 'n meerderheid van 164 teen 18 stemme.**
- **Dit het beteken dat die NP as 'n afsonderlike party sou bly voortbestaan met Malan as leier**
- **Die NP-minderhede in die ander provinsies het hulle agter Malan geskaar en daar is na hulle verwys as die 'gesuiwerde' NP**
- **Onder hulle was mense soos C R Swart en J G Strijdom**
- **Die Gesuiwerde Nasionale Party het die amptelike opposisie geword en het slegs 19 setels in die 1935 parlement gehad**
- **Samesmelting het nie net in die NP 'n skeuring veroorsaak nie, maar ook in die SAP**
- **In Natal het 'n sterk Britse element nog die ou unionistiese beginsels laat voortleef**
- **Die groep het van die SAP afgeskei en in 1931 reeds die Home Rule Party gestig.**
- **Hulle wou bande met Brittanje behou en versterk**
- **'n Groep van die SAP onder Stallard wat gekant was teen koalisie het weg beweeg om by die Home Rule Party aan te sluit**
- **Die party het later as die Dominion Party bekend gestaan. [45 maks.]**

**1.2 Hierdie gedeelte moet global nagesien word. Regmerkies moet nog gebruik word en die antwoord moet pertinent by die vraag pas.**

**'n Paar moontlike punte wat bespreek kan word :**

- **Afrikaner nasionalisme wat 'n bedreiging word**
- **Die Tweede Trek : gebeure en invloed.**
- **Verhouding met Brittanje.**
- **Hertzog en Smuts se sienings m.b.t. die Tweede Wêreldoorlog.**
- **S.A. se toetrede by die Tweede Wêreldoorlog.**
- **Die Gesuiwerde / Herenigde Nasionale Party wat meer ondersteuning kry.**
- **Ossewabrandwag en Nuwe Orde.**
- **Die 1943 verkiesing.**
- **Dominiumparty, Arbeidersparty en Verenigde Party – einde van koalisie.**
- **Die 1948-verkiesing en neerlaag van die V.P. [15 maks.]**

## Vraag 2.

**“Na die 1938 verkiesing het twee gebeurtenisse ‘n groot invloed op die politieke toneel gehad, naamlik die feesvieringe (Eeufeesviering) van die Groot Trek in 1938 en die uitbreek van die Tweede Wereld Oorlog”.**

**(Uit : *Exploring History*: S.P. Jordaan, A. Jordaan, H.A. Mocke )**

**Stem jy saam met bogenoemde stelling ? Analiseer tot watter mate hierdie gebeurtenisse die politieke toneel in Suid Afrikaanse geskiedenis verander het.**

**(60)**

### Skeuring in die Verenigde Party.

- **As gevolg van die ekonomiese oplewing het die Verenigde party geen probleem gehad om die 1938 verkiesing te wen nie**
- **Daar was onderlinge spanning in die Verenigde party wat nou na vore begin kom het**
- **In 1938 het die simboliese Ossewa-Trek na die noorde plaas gevind**
- **Dit was deur die ATKV en die Suid-Afrikaanse Spoorwee gereël**
- **Dit het ‘n hernieude oplewing van nasionalisme en republikaanse in die Unie tot gevolg gehad**
- **Twee Afrikaner bewegings is gedurende die nasionale oplewing gebore**
- **Die Reddingsdaadbond met J D Kestell as stigter, wat hom beywer het vir die rehabilitasie van die behoeftiges Afrikaners, en die Ossewabrandwag wat die Afrikaner kultuur wou behou**
- **Die Groot Trek is gesien as die enigste program wat die wit samelewing sou beskerm en het die fondasie vir republikaanse gelê**
- **In 1938 het Die Stem ‘n volkslied geword**
- **Hertzog het verklaar dat die Union Jack slegs by spesiale geleenthede gehys sou word**
- **Roberts Heights is tot Voortrekkerhoogte herdoop**
- **Kemp se optrede om die naam te verander sonder sy kollegas te raadpleeg was ‘n teken dat die Verenigde Party besig was om te versplinter**
- **Hierdie gebeurtenisse het spanning laat ontstaan in Hertzog en Smuts se VP**
- **Die NP is versterk deur die totstandkoming van die twee bewegings**
- **Die feesvieringe van 1938 het onbewustelik die posisie van die VP verswak**
- **Die beweging het ‘n geleentheid gebied om landwyd die boodskap van Afrikaner eenheid te versprei wat heeltemel teenstrydig was met wat Hertzog en Smuts bereik het**
- **Mense het tradisionele klere gedra vir die geleenthede en dit het bygedra tot die gevoel van nasionalisme**
- **Een van die gevolge was dat die lidmaatskap van die Gesuiwerde Nasionale Party aansienlik gegroei het.**
- **Engelssprekendes en Stallard het hierin ook gesien dat die Unie bande met Brittanje probeer verbreek.**
- **Die politieke situasie was ongemaklik en teen 1939 was ‘n enkele voorval genoeg vir ‘n politieke uitbarsting**
- **Hierdie voorval is deur Nazi Duitsland voorsien**

### Deelname of neutraliteit in Tweede Wêreldoorlog.

- Die Britse Eerste Minister, Neville Chamberlain, het aangekondig dat Brittanje en Duitsland in 'n oorlog betrokke is
- In 1939 was die NP verdeeld oor die kwessie van deelname
- Onder van die Afrikaners was daar 'n groot getal wat baie simpatiek teenoor Duitsland was terwyl die ander weer krities teen Duitse aggressie was.
- Hertzog het nie vir Duitsland as 'n bedreiging vir S.A. gesien nie en het gevoel dat dit 'n Europese oorlog ( konflik ) was, wat nie S.A. geaffekteer het nie
- Smuts het heeltemal anders hieroor gevoel
- Hertzog het die aangeleentheid na die kabinet verwys aangesien Suid – Afrika 'n soewereine onafhanklike staat was
- Hertzog het verklaar dat S.A. neutraal moes bly
- Malan en die GNP het Hertzog gesteun
- Smuts en sy volgelinge was ten gunste van S.A. se deelname in die oorlog
- Smuts het aangevoer dat as 'n lid van Die Gemenbes van Nasies , dit S.A. se morele plig is om deel te neem aan die oorlog
- 'n Ooreenkoms kon nie tussen die twee bereik word nie en Hertzog het dit na die parlement verwys toe die Volksraad op 4 September 1939 ontmoet het.
- Hertzog het 'n mosie van neutraliteit ingedien en aangevoer dat die oorlog nie die belange van die Unie raak nie
- Hy het daarop gewys dat die Unie juis sy soewereine onafhanklikheid van Brittanje kon bewys deur neutral te bly
- Hy het die fout began om Duitsland se optrede te probeer regverdig
- Smuts het daarop gereageer en Hertzog daarvan beskuldig dat hy pro-Duits en anti- Brits was
- Smuts het aanbeveel dat die Unie deel moes neem aan die oorlog
- Hertzog se mosie is deur van sy volgelinge in die VP en deur Malan se NP ondersteun
- Smuts het ondersteuning van sy eie aanhangers gehad, die Dominion, Arbeiders en van Hertzog se vorige volgelinge gehad
- Na 'n heftige debat is daar tot stemming oorgegaan en Smuts se mosie is met 'n meerderheid van 80 teenoor 67 stemme aanvaar
- Hertzog se mosie was verwerp en hy het dit gesien as 'n teken van wantrou in hom
- Hy het onmiddelik bedank
- Hy het die Goewerneur – Generaal, Patrick Duncan, gevra om die Volksraad te ontbind en 'n verkiesing uit te skryf sodat die volk kon besluit of die Unie aan oorlog moes deel neem
- Duncan het geweier en Smuts was gevra om 'n nuwe kabinet saam te stel
- Hiermee het die VP in twee geskeur
- Smuts het 'n nuwe koalisie met nuwe lede van die VP, Dominion en die Arbeiders Party gevorm.
- Die eenheid wat Hertzog en Smuts bereik het deur koalisie en samesmelting van die Verenigde Party het nie die uitbreek van die oorlog oorleef nie

- Smuts het die nuwe Eerste Minister geword
- Hertzog en sy volgelinge het weg beweeg van die VP en nader aan Malan en sy Gesuiwerde Nasionale Party beweeg
- Smuts het S.A. se deelname in die Tweede Wêreldoorlog gelei
- Op 6 September 1939 het die Unie van S.A. oorlog teen Duitsland verklaar
- Smuts self was die Minister van Verdediging asook Opperbevelheber van die weermag.
- Hy het onmiddelik aandag aan binnelandse veiligheid gegee en die leer moes opgebou word
- Smuts het die land veilig deur die oorlog gelei en in die proses het hy respek en bewondering van sy volgelinge en sy opposisie verkry
- Aan die einde van die oorlog in 1945 was Smuts op die toppunt van sy loopbaan.

**[50 maks.]**

**Interpretasie.**

**'n Paar moontlike punte wat bespreek kan word :**

- Hierdie 2 gebeurtenisse het Afrikaner nasionalisme opgewek.
- Hulle het Afrikaners van die republikeinse ideal herinner.
- Onbeslisse sake het weer tot vore gekom.
- Neutraliteit gedurende die oorlog / verwantskap met Brittanje / SA se sowereine onafhanklikheid.
- Afrikaner verdeeldheid – pogings om Hertzog en Malan te herenig.

**[10 maks.]**

**(60)**

### Vraag 3.

- In 1948 wen die N.P. die verkiesing.
- Malan het sosiale en politieke segregasie tussen blanke en kleurlinge gepropageer.
- Vir byna 100 jaar het kleurlinge in 65 kiesafdelings in die Kaap saam met blankes in verkiesings stem.
- Dit was as gevolg van die liberale stemregwette in die Kaap.
- In 1910 behou die Kleurlinge hulle stemreg in die Kaap – die wet is verskans.
- Om die wet te verander moes 'n 2/3 meerderheid in 'n gesamentlike sitting van die parlement verkry word.
- Die NP wou die Kleurlinge van die gesamentlike kieserslys verwyder.
- Die Kleurlingstem was baie belangrik in die helfte van die Kaap kiesafdelings.
- Die Kleurlingkiesers het die opposisie gesteun en was teen die N.P.
- In 1949 se provinsiale verkiesings het die Kaapse Verenigde Party die kiesafdelings Paarl en Bredasdorp met behulp van die Kleurlingstem gewen (2 maks)
- In Maart 1951 het Dr Dönges, die Minister van Binnelandse Sake, die wetsontwerp op die Afsonderlike Verteenwoordigers van Kiesers in die Volksraad ingedien. (2 maks)
- Die kleurlinge sou op 'n aparte kieserslys geplaas word.
- Vier blankes sou die kleurlinge in die Kaapse Provinsiale Raad verteenwoordig.
- Die voorstel is hewig gedebater en sou ses jaar duur.
- Die N.P. het gemeen dat die wet sonder 'n 2/3 meerderheid verander kan word.
- Hulle het gesê dat die regering volkome soewereine was volgens die Statuut van Westminster.
- Die Appèlhof het nie die reg om oor die parlement se soewereiniteit te besluit nie.
- Die Kleurlinge word nie van hulle stemreg ontnem nie.
- Die V.P. onder adv. Strauss het beswaar gemaak teen die wet.
- Die opposisie het namens vier Kleurlinge die wet na die Hooggeregshof geneem.
- Hulle het gesê dit is onwettig om die Kleurlinge se stemreg te ontnem want 'n 2/3 meerderheid moet verkry word.
- In Oktober 1951 handhaaf die Hooggeregshof die wet.
- Die opposisie appelleer na die Appèlhof.
- Die Appèlhof verklaar die wet onwettig.
- Die korrekte parlementêre stappe is nie gevolg nie.
- 'n Gesamentlike sitting met 'n 2/3 meerderheid is noodsaaklik.
- Dr Malan sê die soewereiniteit van parlement is aangetas.
- In April 1952 lê dr Dönges 'n wetsontwerp vir die Hoë Hof van die parlement voor.
- Dit sou die enigste hof wees wat oor konstitusionele sake kon beslis.
- Dit sou wette wat die Appèlhof onwettig verklaar het, weer geldig kon verklaar.
- Die hof sou bestaan uit alle lede van die parlement.
- Die Hoë Hof is deur die V.P. en Liberale Party geboikot.

- Die Hof het weer die wet op afsonderlike verteenwoordiging van kiesers wet aanvaar.
- Die Hoë Hof is deur die Kaapse Hooggeregshof ongeldig verklaar.
- Die regering het daarteen geappelleer, maar hulle het misluk.
- In die 1953-verkiesing verower die N.P. 94 setels en die V.P. 57.
- Die N.P. het nog nie 'n twee-derde meerderheid gehad nie.
- In 1954 het Adv. J.G. Strijdom Malan as Eerste Minister opgevolg.
- Strijdom wou die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys plaas.
- In Mei 1955 is 'n wetsontwerp ingedien om die senaat te vergroot.
- Die senaat sou van 48 lede tot 89 lede vergroot word.
- Dit sou die N.P. bevoordeel
- Sodat hulle 'n 2/3 meerderheid kon kry.
- Die Wet op die Kworum van die Appèlhof is ook aanvaar.
- Die appèlregters is van 5 tot 11 vermeerder waar konstitusionele sake bespreek word.
- Die regters word deur die regering aangestel.
- Die regering besef die Appèlhof sou die wet aanvaar.
- Die Wet of Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers is in 1956 aanvaar.
- Die vergrote parlement aanvaar die wet met 'n 2/3 meerderheid
- Met 173 stemme teen 68.
- Vier blankes sou die Kleurlinge in die Volksraad en twee blankes in die Kaapse Provinsiale Raad verteenwoordig.
- Die Goewerneur-Generaal benoem 1 Kleurling verteenwoordiger in die Senaat.

#### Reaksie.

- Die Fakkeldommando (Torch Commando) het teen die wet geprotesteer.
- Protesvergaderings is deur hulle leiers, o.a. "Sailor" Malan gereël.
- FRANC is in 1951 gestig om teen die wetsontwerp te protesteer.
- Dit het met ander groepe saamgewerk om verset teen die beleid te verkry.
- Die Kleurlinge en Engelse pers het daarteen geprotesteer.
- Die "Black Sash" is as gevolg van die wetgewing gevorm.
- Hulle het 'n swart serp gedra en gerou oor die S.A. konstitusie.
- Baie Kleurlinge het geweier om op die nuwe kieserslys te registreer.
- Die aantal Kleurlingkiesers het verminder.
- Afrikaanse akademici gelei deur Prof. Willem Kleynhans het beswaar gemaak teen die vergroting van die senaat.
- Die verhouding tussen die Afrikaners en Kleurlinge het baie skade gelei.
- Die Kleurlinge was teen die regering. [50 maks.]

#### Interpretasie.

- Die NP het teenkanting in paent gekry vanaf die VP en die AP
- VP en NP in hofgeding vanaf 1951 tot 1956
- VP het konstutisie gebruik om die wet een te gaan
- Howe het in hul guns besluit
- Regering wou wet deur voer
- Strijdom wou die konstitusie manipuleer om 'n twee derde meerderheid te kry
- Regering het die saak gewen. Kleurlinge was op 'n aparte lys geplaas.

[10 maks.]

(60)



#### Vraag 4.

- Die paswette was die mees vernederende wette gedurende die apartheidsjare
- Dit was streng om die invloed van Swartes te beperk
- Swartes moes passe dra en op aanvraag daarvan dit vertoon
- Diegene wie dit nie by hulle gehad het nie was in hegtenis geneem
- Die paswette het swartes verbied om in stede te bly
- Baie van die 1950 proteste was gemik teen die pas wette
- Kompetisie tussen die A.N.C. en P.A.C. het die anti-pasboek verset gekenmerk.
- Die A.N.C. het aan die einde van 1959 'n algemene staking vir 31 Maart 1960 beplan.
- Hulle sou fokus op die paswet en minimum salarisse.
- Die P.A.C. se grootste aanhang was in Langa (Kaap) en Sharpeville.
- Die P.A.C.-leiers sou saam met die mense na die polisiestasies marsjeer.
- Hulle sou hulle passe verbrand en hulle aan die polisie oorgee.
- Die polisie het in Sharpeville op die ongewapende skare geskiet.
- 69 mense is dood en 180 gewond.
- Die meeste van die mense is in die rug geskiet.
- Die politieke krisis is hierna verdiep.
- Die A.N.C. vra vir 'n wegblyaksie op 28 Maart.
- Die meeste swartes in dorpe het dit ondersteun.
- Op 30 Maart het Philip Kgosana van die P.A.C. 30,000 mense na Caledonplein gelei.
- Hy is deur die polisie gearresteer.
- 'n Noodtoestand is in S.A. aangekondig.
- Die Wet op Onwettige Organisasies is aanvaar.
- Die A.N.C. en P.A.C. is as verbode organisasies verklaar.
- Duisende A.N.C. en P.A.C. ondersteuners is gearresteer.
- Oliver Tambo ontsnap na Botswana.
- Die regering het stabiliteit verkry omdat die A.N.C. onvoorbereid was.
- Die noodtoestand is in Augustus 1960 opgehef.
- Die "All-In Afrika Konferensie" is as protesvergadering voorgestel.
- Die Kongres vra die regering om 'n nasionale konvensie te hou
- Om 'n nuwe politieke beleid vir Suid-Afrika te kry.
- In Junie 1961 het die uitvoerende bestuur van die A.N.C. besluit om 'n militêre vleuel te stig.
- Die A.N.C. en S.A.K.P. het *Umkhonto we Sizwe* gestig.
- Die hoofkwartier was by Lilliesleaf in Rivonia.
- Hulle beplan om die ekonomie lam te lê en ook politieke teikens.
- Hulle sou nie menselewens in gevaar stel nie.
- Die P.A.C. het POQO as militêre vleuel gevorm.
- Hulle het opstande teen die regering beplan.
- In 1962 het die P.A.C. hulle hoofkwartier na Maseru verskuif.
- Die P.A.C. het landswyd opstande beplan.
- Die polisie het inligting gekry
- En baie POQO ondersteuners is gevang.
- In Jan. 1962 verlaat Mandela S.A. om 'n guerrillaoorlog te beplan.
- Hy het na Suid-Afrika teruggekeer uit Algerië.

- **Mandela is op 5 Augustus naby Howick gevang.**
- **Op 11 Julie 1963 het die polisie op Lilliesleag toegeslaan.**
- **Die leiers van *Umkhonto we Sizwe*, Walter Sisulu, Govan Mbeki en Raymond Mahlaba, is gevang. (maks. 3)**
- **Operasie Mayibuye is in aksie gestel.**
- **In Oktober 1963 het die Rivonia-verhoor begin.**
- **Die verhoor het maande lank geduur.**
- **Die Veiligheidsraad van die V.N. het gevra dat die beskuldiges vrygelaat word.**
- **Die beskuldiges het 'n lewenslange vonnis op Robbeneiland gekry.**

**Die Regering se Reaksie.**

- **'n Permanente noodtoestand is aangekondig.**
- **Die Wet op Sabotasie van 1962 gee aan die Minister van Justisie die reg om mense onder huisarres te plaas.**
- **Die S.A.U.K. het die regering se standpunt gesteun.**
- **Die Verdedigingswet verander dat soldate gebruik kon word om opstande te onderdruk.**
- **Die polisie het meer mag gekry.**
- **Die Gevangeniswet (1959) – mag nie veslag doen oor die behandeling van gevangnisse in aanhouding nie.**
- **Baie organisasies en mense was teen die regering se optrede.**
- **Die Buro van Staatsveiligheid (BOSS) is gestig.**
- **Hulle het teen intellegensie aktiwiteite gekoördineer.**
- **Genl. Hendrik v. d. Bergh is as hoof van die Sekuriteitspolisie aangestel.**
- **Die Wet op Terrorisme in 1967 aanvaar.**
- **Regering was nie bereid om in te gee nie ( geen kompromis nie)**  
**B.J.Vorster het voortgegaan met die beleid van onderdrukking**  
**Weerstand was teen gegaan ( onderdruk) deur die regering. [50 maks.]**

**Interpretasie.....[10 maks.]**

**(60)**

**Vraag 5.**

- 5.1.1 D.
- 5.1.2 C.
- 5.1.3 A.
- 5.1.4 D.
- 5.1.5 A.
- 5.1.6 C.
- 5.1.7 B.
- 5.1.8 B.
- 5.1.9 D.

(9 x 2 = 18.)

**5.2.1 Die Vryheidsmanifes. (1)**

**5.2.2 Kliptown; 1955. (2)**

**5.2.3 Hulle sou vyandig teenoor die dokument optree, omdat hulle hul bevorderde posisie sou verloor. Hulle sou glo dat dit kommunisties was en sou dit veroordeel. Hulle beleid was nie op meerderheidsregering gebaseer nie. Dit het nie 'n magsverdeling of menseregte daarin nie. Hulle het nie geglo dat die rykte van die land verdeel moes word. Apartheid moes gevolg word. (5)**

**5.2.4 Bron A is die Vryheidsmanifes wat ontevrede was oor die regeringstelsel en die apartheidbeleid. Die regering het teen die leiers van hierdie beweging opgetree. Hulle het hulle van hoogverraad beskuldig en hulle was gearresteer. Die hoogverraadverhoor het dus plaasgevind (Bron B.) (3)**

**5.2.5 Die verhoor het jare lank geduur. Daar was nie saamstemming by die hof of die mense skuldig was of nie. Na vier jare is hulle onskuldig gevind. Die regering het nie daarin geslaag om hulle tronk toe te stuur nie. Baie swart leiers is deur hierdie verhoor verhinder. (4)**

**5.2.6 In 1952 het die Nasionale Party regering het die paswette na vroue uitgebrei. Die gedeeltes wat op vrouens van krag was is na 1955 toegepas. Dit het beteken dat alle swartvroue moes registreer en pasboeke dra. Hierdie pasboeke het beteken dat swartvroue net in sekere gebiede moes bly en werk. Hulle is verbied om hulle kinders na die stedelike gebiede waarin hulle gewerk het, saam te bring. Moeders is dus langdurig van hul kinders geskei. (4)**

**5.2.7 Die ANC se Vroueliga en die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue het 'n mars vir 9 Augustus 1956 gereël. Daardie dag het 20,000 vrouens van uit die hele land bymekaar gekom en na die regeringskantore by die Unie-geboue in Pretoria gemarsjeer. Toe hulle in Pretoria aangekom het, het die vrouens uitgevind dat die mars verban was. Hulle het dus in klein groepe van twee of drie mense tot by die Unie-geboue gestap. 'n Afvaardiging van vroue, wat deur Lilian Ngoyi gelei is, het die anti-pas deputasie aan die Eerste Minister, J.G.Strijdom, probeer aflewer. Strijdom het geweier om die vroue te sien. Hulle het dus 'n petisie met duisende vesoeke buite die deur verlaat. Gedurende die tyd het die vrouens gesing, "Strijdom, Wathinta abafazi, wathint' imbokodo". 'n Vrye vertaling van hierdie stelling is, "Strijdom, as jy 'n vrou slaan, slaan jy 'n rots." Die regering het baie van die leiers gearresteer, maar dit was jare later, teen die einde van die 1960-jare, dat die regering daarin geslaag het om swartvroue te dwing om pasboeke te dra. (6)**

**5.2.8 Bron B wys hoe mense hof toe gestuur is omdat hulle menseregte wil kry. Bron C is 'n poging deur die vroue om hulle menseregte te verbeter. Hulle het nie geslaag nie. Baie is gearresteer en tronk toe gestuur.** (3)

**[28]**

**5.3.1 Na die Sharpeville-skieters is die ANC en die PAC verban. Die ondergrondse bewegings is dus in die lewe geroep. Die ANC het MK gevorm. Een van die leiers was Nelson Mandela. Hy is verban, maar het buite die land gegaan om steun te kry. Die hoofkwartiere van MK is in 1963 deur die polisie gevind. Dit was by Liliesleafplaas in Rivonia. Mandela en ander leiers is voor die hof gebring. Dit was die beroemde Rivoniaverhoor.**

**(6)**

**5.3.2 Hy was teen blanke dominasie en swart dominasie. Hy was teen apartheid as blanke dominasie. Hy was teen die PAC as swart dominasie. Hy hou vas aan sy ideale. Hy sien uit dat sy ideale verwesenlik sou word. Hy is bereid om vir hulle te sterf, ieder as by 'n apartheidstelsel te lewe.**

**(5)**

**5.3.3 Hy is baie negatief teenoor die Rivonia beskuldiges. Hy het die regering se standpunt gesteun. Hy is sinies teenoor die internasionale pers. Hy gee nie om by Mandela se argumente. Hy sien "regverdigheid" dat "terroriste" skuldig gevind is. Die hele verhoor is deel van 'n kommunistiese komplot.**

**(4)**

**5.3.4 Mandela se woorde praat van konsiliësie. Hy streef vir die ideale van gelykheid. Die skrywer van Bron E sien net die negatiewe kant. Hy glo dat die beskuldiges sondig is. Hy sien die hele saak as deel van 'n "onheilige" komplot. Sy woorde is vol kwaadheid en agterdogtigheid. Die ironie is dat die man met die woorde van konsiliësie tronk toe gestuur is.**

**Die sienings is tipies van blanke en swart Suid-Afrikaners teen daardie tyd.**

**(7)**

**5.3.5 Bron F wys groot afkeuring teenoor S.A. se rassebeleid. Die res van die wêreld is deur hulle geskok. Suid-Afrika is soos 'n muishond gesien. Suid-Afrika kan niks met haar beleid verkeerd sien nie. Die wêreld wil S.A. vir haar rassebeleid in isolasie sit.**

**(4)**

**5.3.6 Die spotprenttekenaar is ook teen die beleide.  
Hy glo die rassebeleide stink – dus die muishond.  
Hy wys aan dat S.A. blind vir die oordeling van die res van die wêreld is.  
Die grootheid van die wêreld wys aan dat SA maklik geisoleer kan word. (4)**

**5.3.7 Die Rivonia-verhoor is 'n resultaat van S.A. se rassebeleid.  
Die rassebeleid het die optog by Sharpeville veroorsaak.  
Die ANC is dus verban.  
Dit het gelei tot die vorming van MK.  
Die MK se hoofkwartiere se ontdekking het tot die Rivonia verhoor gelei.  
Die spotprenttekenaar glo dat die rassebeleid agter die probleme is. (4)**

**[34]**

**Totaal : 200 punte.**